## *Week 2: Ontmoet God in sy Woord (Bybellees)*

***14 – 20 April***

1. Mens tot mens. Bespreek die afgelope Sondag se erediens. Wat het die sang en liedere vir julle as groep beteken? Hoe ervaar julle ’n erediens wanneer julle dit bywoon? Het iemand dalk ’n spesiale manier of gebruike wat hy of sy met die groep wil deel hoe hulle voorberei en fokus om God se stem te hoor in die erediens? Watter rol speel die Bybel in jou aanbid van die Here?

   ________________________________________________

   ________________________________________________

2. Mens tot God. Watter ervarings het jy die afgelope week gehad in jou stiltetyd wat jou iets van God se teenwoordigheid laat beleef het waaroor jy Hom wil prys? Loof die Here vir sy teenwoordigheid in die gemeente se gereëlde eredienste.

   ________________________________________________

   ________________________________________________

   Lees **Ps 31:8 – 9** hardop voor:

   > Ek wil jubel en juig oor u troue liefde:
   > U was nie onverskillig teenoor my ellende nie;
   > U het die bedreiging van my lewe raakgesien
   > en my nie aan die mag van die vyand oorgelewer nie;
   > U het my ’n veilige staanplek gegee.

3. God tot mens: Bid nou dat die Here die Woord sal oopmaak en dat Hy helder met elkeen sal praat, nie net deur die Skrif nie, maar ook deur die mense rondom ons wat saam luister na sy stem.

   ________________________________________________

   ________________________________________________

   ________________________________________________

4. Lees teks: Ps 19:8 – 12. Wat staan uit in hierdie teksgedeelte? Hoekom is dit juis hierdie deel wat vir jou uitstaan?

   ________________________________________________

   ________________________________________________

   ________________________________________________

5.1 Hierdie verse fokus op die gevolge van die Woord op ons lewens. Dit gee of bring elke keer iets. Noem die verskillende gevolge of geskenke wat die Woord bring.

5.2 Van watter een dink jy kort Vier Ankers as gemeente meer? Wat kom kort in jou eie lewe met die Here?

5.3 Hoe word ons vorige antwoord juis deur die Bybel beïnvloed? Anders gestel: Is die gevoel wat kort kom net ’n persoonlike belewenis, of is dit dalk iets wat deur die Gees, juis deur die Woord, in ons aangeroer word?

5.4 Voltooi die volgende sin: In my omgaan met die Woord wil ek van nou af meer …

6. Waarvoor sal ons bid?

6.1 vir die gemeente?

6.2 vir die wêreld/gemeenskap?

6.3 vir mekaar?

7. Wat gaan ons nou doen? Dink ’n bietjie aan iemand wat baie sal waardeer as jy vir hom of haar ’n mooi gedeelte uit die Bybel lees, en hoe jy dit gaan doen. Hoe kan julle die Bybel se heerlike boodskap dalk op ander maniere deel?